Tema: Onderwerp jou vrywillig en met ŉ nederige hart aan alle gesag omdat die Here dit so wil hê.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens

Ps 95-1: 1, 2, 4

Ps 99-2: 1, 2, 4

Ontmoetingsdiens

Intreelied: Ps 100-1: 1, 3

Votum

Seën uit Open 1: 7

Sing: Ps 93-2: 1, 2, 4, 5 (Mel Lied 582)

Gebed

Woorddiens

Skriflesing: 1 Petrus 2: 13 – 17

Belydenis: HK Sondag 39

Sing: Sb 9-2: 5, 8, 9

Woordverkondiging

Antwoorddiens

Gebed

Liefdegawes

Gebed vir BnB

Sing: Ps 2-2: 1, 3, 5, 6 (Mel ps 145)

Seen

Sing Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Hierdie week was die reaksie van opposisiepartye in die parlement op die president se staatsrede hoofnuus en op almal se lippe. Die pittige kwinkslae waarmee politici na vore kom soos “planeet Zuma” ontlok wel ŉ glimlag en grappie, maar die manier waarop die persoon en karakter van die president en ander parlementariërs aangeval is en die wyse waarop die debat gevoer is, behoort by die gelowige sekere vrae te ontlok.

Vrae soos: Is dit reg dat die man en nie die bal gespeel word? Is dit reg dat ons vir mekaar sê: “politiek is ŉ vuil spel en as jy daaraan wil deelneem moet jy bereid wees om vuil te word”? Mag ek die staatspresident of enige gesagdraer so verkleineer en beledig? Mag ek as gelowige deelneem aan die politieke spel wat nou – in die aanloop van die verkiesing - hoogty vier deur mense van verskillende rasse te beledig en te verkleineer.

Hoe moet ek hieroor dink en deelneem as die Here in vers 17 vir my sê: “Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.” Watter rol speel die Vyfde gebod in ons optrede teenoor president Zuma en alle gesag wat oor ons aangestel is.

Ten diepste, brs en srs, gaan dit oor Christus se gesindheid van nederigheid en respek wat in ons harte moet seëvier. En daarom sê die Here vanaand vir ons: Onderwerp jou vrywillig en met ŉ nederige hart aan alle gesag omdat die Here dit so wil hê.

Brs en srs, hierdie tema nie gewilde woorde en gedagtes nie. Mense wil nie vandag hoor van onderwerping aan gesagdraers wat God oor ons gestel nie! Ons sien dit alreeds meer en meer in die ouerhuise dat ouers nie meer hulle gesag op Godgegewe wyse handhaaf nie en daarom word geslagte mense groot sonder die besef van gesag en respek. Ons sien die vrug hiervan in die skole en universiteite en ons sien dit algemeen in ons samelewing.

Mense wil nie daarvan hoor om nederig te wees en iemand anders hoër as myself te ag nie! Mense wil nie hoor van respek vir alle ander mense nie! Nee, die gees wat in ons land die oorhand kry is die gees van chaos en wanorde! Die gees van onderlinge haat en neersien op medemense van verskillende rasse en kulture! Die gesindheid van heers is dat elkeen net wil kry en doen soos hy of sy wil en wat dit as reg beskou om gesag te ondermyn en te vat wat ek wil hê!

Maar geliefdes, dit is nie wat die Here wil hê nie! Dit nie die lewe en voorbeeld wat Hy van sy volgelinge verwag nie. Christen-wees is immers om radikaal anders as die wêreld te wees. Juis deur ons radikale anders wees lewer ons ons getuienis en kan ons ander mense oortuig dat wat God vra, die regte ding is om te doen. Dis hoekom die Here die tweede keer hier wys op die krag van ons gedrag as getuienis teenoor

ander mense – ook teenoor mense wat van ons verskil of wat hulleself as ons vyande opstel.

God het gesagstrukture in die samelewing gestel om orde te handhaaf en chaos te voorkom. Dit was die rol van konings in die Ou Testament en later van die owerhede wat oor die volk geregeer het. Jesus het hierdie gesag van die owerheid en by name die heidense keiser erken en sy dissipels beveel om aan hom die nodig belasting te betaal en eer te bewys.

In Rom. 13 bevestig Paulus die beginsel dat elke mens hom of haar onder die owerheid moet stel want hulle is deur God daargestel om orde te handhaaf. Petrus hak in ons teksverse weer by hierdie beginsel aan en stel dit baie duidelik: onderwerp jou aan die gesagstrukture wat daar gestel is – van die kleinste in die ouerhuis tot die hoogste gesag van die staatspresident en sy regering.

Geld dit ook vir ʼn ongelowige staatspresident en regeringsmagte? Ja, dit het in die tyd van Jesus en die apostels so gegeld en dit geld vandag nog net so! Beteken dit dat ek nie die wyse waarop die owerheid sy gesag bedien mag kritiseer nie? Nee, glad nie – ons mag en ons moet die regering wys op sy verantwoordelikhede soos God dit in sy Woord vir ons leer.

Beteken dit dan ook dat ek nie persoonlike optrede van gesagsdraers mag kritiseer nie? Kan my ouers, die munisipaliteit en die regering en by name mnr Zuma maak wat hulle wil en ek moet dit stilswyend aanvaar? Nee! Ons mag ook persoonlike optrede teregwys – MAAR – die verskil moet lê in hoe ons dit doen! Nie om op die lasterlike en afkrakende wyse waarop dit vandag gedoen word nie! Nie soos dit hierdie week in die parlement voor ons oë afgespeel nie! Nie met die gesindheid van meerderwaardigheid of minagting nie – maar met nederigheid en respek! Nie om iemand te verkleineer en te beledig nie – maar om verkeerde beleid en verkeerde persoonlike gedrag met ʼn gesindheid van nederigheid en respek aan te toon en in die lig van die Skrif te stel. Nie in die lig van my eie opinie of politieke idees nie!

Wat is dan ʼn nederige gesindheid?

ʼn Nederige gesindheid begin by die regte gebruik van my vryheid as gelowige. Brs en srs, Christus het ons vrygemaak van die mag van die sonde oor ons lewe! Deur ons sondes aan die kruis saam te spyker en daarvoor te betaal het Hy die bose se mag oor ons gebreek! Ons kan nou anders as om te sondig! Kom ek stel dit so: ʼn gelowige mag nie sê: ek kon nie anders as om te sondig nie! Nee, Jy kan en jy moet anders kan wil as om te sondig want ons het saam met Jesus opstaan uit die dood en so is ons nuut gebore! Nou kan en wil ons God gehoorsaam.

Hierdie nuwe wil wat God die Heilige Gees in ons bewerk, maak dat ons ons aan God se wil wil onderwerp! As die Here ons dan hier leer dat Hy wil dat ons ons aan gesag onderwerp dan doen ons dit omdat God dit so wil en nie omdat president Zuma, of die stadsgestuur of my ouers of die ouderling dit so wil hê nie! Ek doen dit vrywillig omdat God dit van my verwag!

Geliefdes, kan julle sien hoe dit ons gesindheid anders maak? Ons sou kon sê dat ons aan God behoort en dat ons nou eintlik kan maak wat ons wil! Dit is wat Petrus bedoel met vryheid as ŉ dekmantel, as ŉ manier om jou sondige optrede weg te steek of te regverdig. Maar dit is nie hoe gelowiges optree nie! Die regering hoef ons nie te dwing om ons aan hulle te onderwerp nie! Ander mense hoef my nie te dreig om respek aan hulle betoon nie – ek doen dit vrywillig – omdat God dit van my vra!

Dis mos ŉ totaal ander gesindheid – Dit is die gesindheid van Jesus toe Hy voor Pontius Pilatus verskyn het en die hom gedreig het met sy mag as die keiser se bevelvoerder oor die Jode. Hoe het Jesus hom geantwoord? (Vra gemeente) “U sou geen gesag oor my gehad het as dit nie van bo aan u gegee was nie”. Om daardie rede onderwerp Jesus hom aan die onregmatige en onskuldige vonnis wat oor Hom gevel word.

Nederigheid begin dus by die besef: God voer gesag oor my lewe en ek wil Hom graag gehoorsaam – mense hoef my nie te dwing nie. Ek doen dit vrywillig – om my Vader dit van my verwag

Nederigheid word in die tweede plek duidelik in die wyse waarop ek elke ander mens as skepsel van God respekteer. Geen mens is in sy of haar eie wese beter as ŉ ander mens nie! God maak geen onderskeid tussen mense nie en daarom mag ons ook nie! Al tree daardie mens ook hoe swak op – hy of sy is respekteerwaardig in die manier hoe ek hom of haar behandel. Dit is nie vir my om iemand te veroordeel nie – al hoewel ek verkeerde gedrag maar teregwys. Daarom dat die Kategismus ook sê dat ek met gesagdraers se gebreke ook geduld moet hê – niemand is volmaak nie en niemand kan opvolmaakte wyse gesag uitoefen nie

Ons Here Jesus het ook hier vir ons die voorbeeld gestel die wyse waarop Hy alle mense gelykwaardig behandel het – van die grootste sondaar tot die hoogste gesagdraer. Ook leer die Here ons in Spreuke 17: 5: “Wie met ŉ arm mens spot beledig sy Maker; wie hom oor die ongeluk van ŉ ander verheug sal self nie vrykom nie.”

Daarom dat die Here in vers 17 sê: “julle moet alle mense respekteer”. Net so min as ek wat ek my buurman, of die bedelaar, of my ouers met disrespek mag hanteer net so min mag ek dit met mnr Zuma of enige ander mens doen! Of daardie mens nou wit, swart of geel of pers is of dit man of vrou of kind is, God wil dat ek elke mens met menswaardigheid en respek hanteer! Daar mag nie ŉ sweempie minagting wees in die wyse waarop ek oor of met ŉ medemens praat nie.

Die derde manier waarop my nederige gesindheid geopenbaar word as ek ook gehoorsaam aan die Here se opdrag in 1 Tim 2 vir die owerheid bid. Die Here sê daar dat ons moet bid vir die wat regeer en gesag uitoefen sodat ons ŉ rustige en stil lewe kan lei. Dit beteken tog prakties dat ons vir mnr Zuma, sy kabinet en minister en vir alle gesagvoerders moet bid en vra dat die Here hulle ook sal lei en dat hulle met verantwoording aan Hom hulle werk sal doen.

Brs en srs, ek is seker julle kan aanvoel dat hierdie opdrag van die Here direk indruis teen die gees van vandag! Dit druis in teen jou en my sondige natuur wat maklik saam met die stroom in verset wil kom, wil sleg praat en veroordeel.

Kom ons hoor wat ons Vader vanaand vir ons sê en ons dink aan die effek – die getuieniskrag - van ons optrede as ons aan Hom gehoorsaam is. Hoe gaan ons gesindhede in ons land verander – van burgers teenoor regering en van rasse teenoor mekaar, van werkgewer en werknemer? Gaan ons die situasie oplos deur almal in opstand te kom teen gesag omdat ons nie van die gesagvoerders hou nie? Gaan ons nie so meewerk aan ʼn samelewing wat in chaos verval nie? Gaan dit help as ons verkleineer, slegsê en slegdink? Gaan dit help as ons in rasseverdeling verval en mekaar wegwens en in rassehaat verval? Nee, die Here sê vanaand dit is nie die antwoord nie!

Ons Vader wil dat ons ons vrywillig en met ʼn gesindheid van nederigheid aan alle gesag onderwerp! Dit begin in ons huise waar kinders en ouers in liefde ʼn verhouding bou en leer wat gesonde gesaghandhawing is. Dit gaan verder waar gelowiges “God vrees” dit beteken om in ʼn respekvolle verhouding met God in Christus te staan en die Here te gehoorsaam. Dit gebeur wanneer ons alle mense met respek behandel en die keiser eer. Op hierdie wyse gaan ons ware verandering te weeg bring! Slegs deur radikaal anders as die wêreld op te tree sal ons hulle tot stilstand bring en hulle positief beïnvloed.

Daarom vra die Here vanaand: wat gaan in jou hart aan as jy oor hierdie dinge dink? Hoe praat jy as hier hieroor praat? En hoe tree jy op as die Here jou roep om ʼn verskil te maak? Doen dan van harte soos God wil en jy sal ʼn verskil maak.

Amen